

## Die oorsake van tweedrag



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

Deuteronomium 28:1–14, Jeremia 3:14–18, Rigters 17:6, 1 Konings 12:1–16, 1 Korinthiërs 1:10–17, Handeling 20:25–31.

#### Geheueteks:

“Wysheid begin met die dien van die Here; wie die Heilige ken, het werklik insig” (Spreuke 9:10, NAB).

**D**ie Ou-Testamentiese profete doen herhaaldelik ’n beroep op Israel om by God se voorskrifte te hou. Ongehoorsaamheid en traak-my-nieagtigheid sou afvalligheid en tweedrag meebring. Gehoorsaam aan God en sy wet was ’n manier om sy volk teen die gevolge van sonde te beskerm. Boonop was hulle van heidense nasies omring, derhalwe wou [en het] God sy volk geheilig. Die soeke en navolging van God se wil sou eensgesindheid by sy destydse kinders koester. Neem ook in ag dat hulle met heidense inslae en die euwels van verdraaide godsdiens te kampe gehad het, en bykans vanuit alle oorde. Die nastreef van God se wil sou die gemeenskaplike strewes om daardie dinge te beveg ’n reuse hupstoot gee. God wou hê dat sy volk ’n geheiligde lewe moes lei, en dat hulle die ander volkere tot voorbeeld moes wees. God se woorde aan die volk na Hy hulle uit Egipteland bevry het, som dit netjies op: “Kyk, ek het julle die voorskrifte en die bepalinge geleer soos die Here my God my beveel het. Julle moet daarvolgens lewe wanneer julle in die land kom en dit in besit neem. Gehoorsaam die voorskrifte en lewe daarvolgens, want daaraan sal die ander volke sien dat julle wysheid en insig het. Hulle sal van al hierdie voorskrifte hoor en sê: ‘Net hierdie groot nasie het wysheid en insig’” (Deut. 4:5, 6; NAB). Dit is ongetwyfeld so: As God se volk getrou aan Hom sou bly, sou Hy hulle ryklik seën en ook ander tot seën wees. Daarenteen sou ongehoorsaamheid ’n magdom probleme meebring, onder meer tweespalt.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 13 Oktober.*

## “Trouelose Israel, kom terug”

Eers is hulle ongehoorsaam en opstandig; dan keer hulle terug na God en sy gebod; gevolg deur hernieuwe afvalligheid en onmin – die geskiedenis van Israel wemel van sulke verhale. Dit is dieselfde storie oor en oor. Dit begin met die doelbewuste besluit om die wil van God te doen, met die gepaardgaande seëninge – vrede en ’n oorvloedige lewe. Maar telkens verval hulle in ongehoorsaamheid en volg hul eie koppe; wat baie ellende, stryd en oorloë veroorsaak. Nog voor Israel die beloofde land binnegegaan het, voorspel die Here al daardie bose kringloop. Wat meer is, Hy gee die nodige maatreëls om die ernstige gevolge wat dit meebring, te voorkom.

**Lees Deuteronomium 28:1–14. Watter seëninge sou Israel te beurt val indien hulle aan God gehoorsaam was?**

---

**Lees Jeremia 3:14–18. Hier doen die Here ’n beroep op Israel om hulle te bekeer, en weer die Here te vind en volg. Wat leer ons daaruit? Wat sê dit vir ons oor die liefde en geduld wat God vir sy kinders het?**

---

Jeremia is ’n wonderlike boek. Dit bring na vore hoedat God sy kinders liefhet, hoedat Hy genadig en ruimhartig teenoor hulle is – ten spyte van hul opstandigheid, tweedrag en afgodery. Ons sien hoe die Here gedurigdeur vra dat sy kinders na Hom moet terugkeer en dat hulle van hul verkeerde weë moet afstand doen. Keer op keer belowe die Here dat Hy hulle sal herstel en ’n toekoms hoop sal gee. “Trouelose Israel, kom terug, sê die Here. Ek sal nie langer vir julle kwaad wees nie, want Ek is getrou, sê die Here. Ek bly nie vir altyd kwaad nie. Erken net jou skuld, dat jy teen die Here jou God in opstand gekom het deur onder elke groen boom vreemde gode te gaan dien en so aan My ongehoorsaam te wees, sê die Here” (Jer. 3:12, 13; NAB). Hierdie dinge het Jeremia gesê in ’n tyd toe die Woord van God alom verwerp is. Hoewel sekere hervormings in die tyd van koning Josia geïmplementeer is, het min mense hul genoep gevoel om getrou en gehoorsaam aan God te bly. Hul sondes, afgodery en egosentriese lewens het op ’n geestelike en politieke ramp afgestuur. Hoe verder hulle van God se wil afgedwaal het, hoe aakliker die vooruitsigte. Tog het die Here aanhou pleit by hulle, deur die profeet Jeremia. Vir hulle wou Hy ’n blink toekoms hê; ’n terugkeer na voorspoed, eenheid en welstand. Tog was daardie dinge slegs moontlik deur ’n lewe van geloof, en deur die uitleef van alles wat daarmee saamgaan.

**Daar is duidelik ’n verskil tussen gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid. Hoe het jy dit al in jou daaglikse handel en wandel beleef?**

---

## Ek Maak Soos Ek Smaak

In Rigters sien ons die menige negatiewe gevolge wat uit Israel se ongehoorsaamheid spruit. Kort na die volk Kanaän binnegegaan het, begin die mense om die godsdienstige praktyke van die naburige Kanaäniete te volg – die einste ding waarteen God hulle gewaarsku het! Ongelukkig is dit een van ’n rits afvallighede waarin die volk hulle begewe het.

**Lees Rigters 17:6 en hoofstuk 21:25. Watter verdere probleme het in daardie tyd onder kinders van die Here ontstaan?**

---

Hier het ’n mens nou ’n resep vir ’n ramp, vir tweespalt en en onenigheid onder die kinders van die Here. Aan die kern van eenheid op volkswak was die Israeliete se lojale gehoorsaamheid aan die Verbondsgod. Die Israeliete het immers gekies om deel van daardie verbond te wees. Met elkeen wat na sy [of selfs haar] goedgeskikte optree – en boonop met die invloede van die buurnasies – was Israel besig om hul eie ondergang te bewerk. Ons is almal gevalle wesens. Aan onself – aan ons eie neigings en begeertes – oorgelaat, sal ons vir seker die pad byster raak wat die Here vir ons uitgelê het.

**Wat sê die volgende skrifgedeeltes oor die geestelike en maatskaplike omstandighede wat in die Rigter se leeftyd in Israel geheers het?**

**Rig. 2:11–13** \_\_\_\_\_

**Rig. 3:5–7** \_\_\_\_\_

“Deur Moses het God die gevolge van ongehoorsaamheid onder die volk se aandag gebring. Die verbreking van die verbond het op ’n skeiding tussen God en sy kinders neergekom, met die gevolg dat hulle sy seëninge kwyt sou wees. Soms het die volk hierdie waarskuwing ter harte geneem. Dan is hulle ryklik geseën, met positiewe gevolge vir die buurnasies. Meer dikwels was dit die teendeel: Hulle vergeet van God en die grote voorreg om sy ambassadeurs op aarde te wees. Hulle neem die aanbidding wat Hom toekom en gee dit aan ander, en ontsê hul medemens die geestelike leiding en heilige voorbeeld wat die ongelowige bestem is. Hulle werk as rentmeesters in die Meester se wingerd, maar wil self die vrug daarvan eet. Vanweë hul hebsug en gierigheid het selfs die heidene hulle begin haat. So het die ganse heidendom dan ’n waninkdruk oor God gekry. Sy karakter en die wette van sy koninkryk het hulle nie verstaan nie” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 20, 21).

**Watter impak het ons optrede as ’n kerkgenootskap op nie-Adventiste? Watter positiewe dinge in die Adventistekerk kan ons by ongelowiges en ander Christene aanbeveel?**

## Die verbondsvolk skeur

Afvalligheid en die ernstige gevolge wat dit inhou, het nie die verbondsvolk vanuit die bloute oorval nie. Eeue se swak keuses en verkeerde besluite het uiteindelik vreeslike gevolge vir God se volk ingehou.

**Lees die verhaal van koning Rehabeam in 1 Kon. 12:1–16. Wat het hierdie aaklige skeuring in die verbondsvolk veroorsaak?**

---

“As Rehabeam en sy onervare raadgewers God se doel met Israel reg verstaan het, sou hulle op die volk se versoek ag geslaan het, deur die staatsadministrasie te hervorm. Die byeenkoms in Sigem was net mooi die gulde geleentheid [om so iets van stapel te stuur]. Tog kon hulle nie reguit dink nie, nie oorsaak en gevolg bymekaar uitbring nie. So het hulle dan hul invloed oor die mense tot ’n groot mate verloor. Nee, hulle was vasbeslote om die onderdrukkende wette wat in Salomo se tyd bekragtig is, voort te sit en selfs strawwer toe te pas – ’n besluit wat strydig met God se plan vir sy verbondsvolk was. Dit moes hulle stof tot nadenke en herbesinning gegee het; maar al wat hierdie onwyse en onsimpatieke poging tot magsvertoon reggekry het, was om te toon dat amp en gesag die koning en sy verkose raadgewers in trotsaards omskep het” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 90).

**Wat sê die volgende skrifgedeeltes vir ons oor die deurslaggewende rol wat wysheid in die neem van goeie besluite speel? Waarvandaan kom ware wysheid?**

**Spr. 4:1–9** \_\_\_\_\_

**Spr. 9:10** \_\_\_\_\_

**Jak. 1:5** \_\_\_\_\_

Die verhaal van Rehabeam en sy ondeurdagte en onwyse besluit om ekstra dwangarbeid op sy mense af te dwing, is ’n laagtepunt in die geskiedenis van Israel. Die koning het raad by twee verskillende groepe raadgewers ingewin. Tog was dit nie sy grootste fout nie. Hy het die minder ervare groep – mans van sy eie ouderdomsgroep – se raad gevolg, wat die koninkryk in chaos gedompel het – ’n koninkryk wat sy pa Salomo, en sy oupa Dawid, 80 jaar geneem het om op te bou. Die jong raadgewers het gemeen dat die ongelukkigheid onder die mense m.b.v. intimidasie onderdruk moes word. Die koning moes wys dat hy sterker as sy pa is. Dit was pure dwaasheid. Die jong raadgewers het soos volg geredeneer: Om ag te slaan op die volk se versoek, deur die hoeveelheid verpligte arbeid te verminder, sou ’n teken van swakheid wees. Nee, hy moes onverbidlik en wreed wees. Met daardie benadering het die koning bloot getoon dat hy ’n boelie was, en nie sy mense se lojaliteit en geloof verdien het nie. Dit het tot verdeeldheid en skeuring gelei. So iets was nooit veronderstel om te gebeur nie, en het God se drome vir sy verbondsvolk verrydel.

## Die krisis in Korinte

Ongelukkig is die kwessie van onenigheid onder die kinders van die Here ook 'n Nuwe-Testamentiese verskynsel. Hoofstukke een tot vier van Paulus se Eerste Sendbrief aan die Korintiërs is juis 'n oproep tot eendrag. Terwyl Paulus in Efese was, hoor hy van allerhande skeurings onder die gelowiges in Korinte. Daarom begin hy sy skrywe met 'n lang bespreking oor eenheid in die kerk en hoe belangrik dit is om tweespalt en skeuring te vermy. Paul was bekommerd oor daardie verwickelinge, en probeer dus om die dreigende krisis met Geesgevolle raad af te weer.

**Lees 1 Korintiërs 1:10–17. Wat was die redes vir die tweedrag, rusie en skeurings onder die gelowiges in Korinte?**

---

Paulus was bekommerd toe hy by Chloe-hulle verneem dat die broers en susters in Korinte stry gekry het en verdeeld was. Sy openingswoorde toon sy erns: “Ek doen 'n beroep op julle almal, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus, om eensgesind te wees. Daar moet geen verdeeldheid onder julle wees nie. Julle moet een wees in dieselfde gesindheid en met dieselfde oortuiging” (NAB). Sy oplossing was om hulle daaraan te herinner dat hulle as Christene “verenig moet wees in dieselfde gesindheid en in dieselfde mening” (1 Kor. 1:10, OAB). Die kopstampery en verdeeldheid moes end kry, ongeag die rede daarvoor. Paulus wys die Korintiërs opnuut daarop dat die gelowige geroep word om Christus te volg, en nie mense nie – maak nie saak hoe talentvol of begaafd daardie persoon is nie, of selfs hoe belangrik die bediening is waartoe daardie persoon geroepe is nie. Hoewel daar reeds kantkiesery onder die Korintiërs was, stel Paulus dit onomwonde dat sulke verdelende gedrag nie die wil van Christus is en was nie. Die apostel wys hulle ook daarop dat Christelike gedrag om Jesus en sy soendood draai (1 Kor. 1:13). Eenheid in die kerk is geskoei op die gekruisigde Christus – op Hom, en Hom alleen, as bybelwaarheid - ongeag hoe “waardig” iemand as mentor, prediker of kerkleier is. Aan die voet van die kruis is ons almal gelyk. Ons word in Christus gedoop. Hy is al een wat ons van sonde kan reinig. Nietemin moet ons ons aktief vir eenheid in Christus beywer. Wat sê dit vir ons as Sewendedag-Adventiste? Ons kan nie die eenheid van geloof en sending wat ons het as vanselfsprekend aanvaar nie. Stryd en verdeeldheid kan kerkeenheid ondermyn, tensy die liefde van Jesus as Heer en Heiland ons saambind.

**Hoe moet lidmate, gemeentes en die kerk maak om die soort gevare waarmee Paulus hier te kampe gehad het, te vermy? Hoekom moet ons altyd versigtig wees hoeveel lojaliteit ons aan enigeen behalwe Christus gee?**

## “Wrede wolwe sal inkom”

### **Lees Handeling 20:25–31. Waarteen het Paulus die ouderlinge in Efese gewaarsku? Wat moes hulle doen om dit te voorkom?**

In sy bediening het Paulus dikwels met teëkanting te doen gehad, gevolglik het hy ook geweet hoe moeilik dit sou wees om die evangelie van Jesus Christus suiwer te hou. Vir sy afskeidsrede aan die Efesiërs gebruik hy dus ’n Ou-Testamentiese beeld, dié van die “opsiener” of wakende “herder” (oftewel “wag”) waarvan ’n mens in Esegïel 33:1–6 lees. Die punt wat hy wou tuisbring? Dat gesoute leierskap die getroue bewaring van die evangelie aan die nuwe geslag moes toevertrou, dat die leiers getroue herders in hul gemeentes moes wees. Paulus wat (in Hand. 20:29, OAB) na die vals leermeesters as “wrede wolwe” verwys, stem rofweg ooreen met Jesus se waarskuwing: “Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is” (Matt. 7:15, OAB). Skaars het Paulus daardie woorde geuiter, of die vals leermeesters maak hul verskyning, en begin om verwoesting onder die gemeentes wat die apostel in Klein-Asië gevestig het, te saai. Efesiërs 5:6–14 en Kolossense 2:8 is enkele voorbeelde van Paulus se waarskuwings in dié verband aan die gemeentes van daardie landstreek. In sy Tweede Sendbrief aan Timoteus, waarsku Paulus ook laasgenoemde, wat die toesighouer van die kerk in Efese was. Die apostel maan teen goddeloosheid en dwaallering wat in die laaste dae hoogty in die kerk sal vier.

### **Lees 2 Timoteus 2:14–19 en 3:12–17. Wat sê Paulus hier vir Timoteus, hoe moet ’n mens maak om vals leermeesters teë te werk en so eenheid in die kerk te bewaar?**

Eerstens sê Paulus dat Timoteus goed in die Skrif weerlê moet wees. Hy moet “die woord van die waarheid reg sny” (2 Tim. 2:15, OAB). Die teenmiddel vir die nuttelose argumenteerderij en spekulierderij waarin gelowige hul soms begewe, is om die Woord van God reg te verstaan en reg aan ander oor te dra. Die waarhede in die Skrif moet reg geïnterpreteer word sodat geeneen van die dele so aangebied word dat dit strydig is met die geheelbeeld wat die res van die Skrif ons gee nie. Hierdie versigtige benadering tot die Woord help ook om die soort waninterpretasies te voorkom wat maak dat mense hul geloof in Jesus prysgee. Irrelevante en minder belangrike kwessies speel ’n ondergeskikte rol. Die sentrale beginsels in Gods Woord – dié wat die gelowige op ’n oorwinnaarslewe in Christus voorberei – moet voorrang geniet. Paulus se raad is ook aan Timoteus self. Hy skryf: “Maar die onheilige, onsinnige praatjies moet jy vermy” (2 Tim. 2:16, OAB). Die spekulatiewe en onbenullige moet Timoteus dus uitsny, as hy enigsins ’n getroue herder in sy gemeente wil wees, een wat ’n nut het. Al wat dié soort haarklowery en ligsinnige praatjies teweegbring, is verdere afvalligheid. Dit het nie ’n veredelende uitwerking op die Christen se geloofslewe nie (2 Tim. 2:16). Slegs die waarheid kan tot ’n godvresende lewe lei en eengesindheid onder gelowiges meebring. Die rede hoekom Timoteus hierdie gevare moet vermy, en sy gemeente dienooreenkomstig moet lei, is omdat sulke dwalings die kerk binnedring en oorneem (2 Tim. 2:17). Gehoorsaamheid aan die Woord van God is al teenvoeter vir dwaalleringe (2 Tim. 3:14–17) – dwaalleringe wat kerklike verdeeldheid meebring.

### Vir verdere studie:

Ellen G. White, “The Rending of the Kingdom,” bl. 87–98, in *Prophets and Kings*; “A Message of Warning and Entreaty,” bl. 298–308, in *The Acts of the Apostles*. “Die Here begeer dat sy gekose dienaars moet leer hoe om saam te werk. Soms lyk dit of die onderskeie gawes te uiteenlopend is, dat die een se gawe [by wyse van spreke] te groot en die ander s’n te klein is om saam gebruik te kan word. Dan besef ’n mens egter: Die evangelie moet onder mense met verskillende wêrelduitkyke verkondig word. Dit beteken dat twee evangeliewerke dieselfde blye boodskap op twee verskillende maniere aan dieselfde persoon kan oordra – en dat een se pogings niks vrugte gaan afwerp nie, terwyl die ander se benadering die bearbeide een positief teenoord die waarheid sal stem. Hopelik skep hierdie besef ’n begeerte by gelowiges om saam te staan en saam te werk. Die Heilige Gees rig almal tesame, ongeag hoe uiteenlopend lidmate se gawes en talente is. Dan sal elke woord, en elke handeling, van goedhartigheid en liefde getuig. Met elke werker wat sy [of haar] godgegewe roeping getrou nastreef, word Jesus se groot gebed verhoor – dat eenheid en eengesindheid onder sy dissipels sal heers, sodat die wêreld kan sien dat hulle sy volginge is” (Ellen G. White, *Gospel Workers*, bl. 483).

### Vrae vir bespreking

1. Om te doen “wat reg in jou eie oë is,” is iets wat die hedendaagse mens maar al te goed ken. Postmodernisme wat om en by in die sewentigerjare op die toneel verskyn het, bevraagteken die idee dat daar ’n sentrale of oorkoepelende intellektuele of morele gesag is. Dit baan waarskynlik die weg vir die soort morele anargie waarteen die Bybel ons waarsku. Hoe kan die gelowige, en ook die kerk as ’n geheel, hierdie uitdaging die hoof bied?
2. Oordink die verhaal van koning Rehabeam en die skeuring van die verbondsvolk (1 Konings 12). Watter lesse kan die kerk uit hierdie verhaal leer?
3. Wat kan kerkleiers en lede doen om twis en geslote groepies in die gemeente te voorkom? Hoe belangrik is dit om hierdie dinge betyds hok te slaan voordat dit die gemeente oorneem? Wat kan lidmate doen om te verseker dat hulle nie in dieselfde slaggat as die Korintiërs beland nie?
4. Blaai nou na Spreuke 6:16–19. Bekyk die dinge wat hier in verband met tweedrag gebring word. Hoe help dit lidmate om tweedrag op gemeentevlak te voorkom?

**Opsomming:** In die Bybel sien ’n mens hoedat bepaalde situasies op tweedrag uitgespeel het. Die kere wat God se volk wel aan Hom getrou en gehoorsaam was, kon hulle tweedrag vryspring. Ongelukkig toon Rigters hoedat Israel dikwels dwarsgetrek het – tweedrag is ’n kans gegun om pos te vat. Dit blyk veral uit die regering van Rehabeam. Boonop leef die saadjie van tweedrag voort, want dit gebeur ook in die Nuwe Testament. ’n Deeglike begrip van die Bybelse leer, asook opregte pogings om die voorskrifte daarin te gehoorsaam, is die kerk se bastion teen onenigheid en skeuring.